## GESKIEDENIS AS VERPLIGTE HOËRSKOOLVAK

Geskiedenis was die vak vir konings en prinse, staatsmanne, regsgeleerdes. Vandag is dit 'n vak wat deur elke leerling op skool bestudeer moet word. In die laerskole vorm dit maar 'n deel van die sosiale studieleerplan. In Transvaal is dit 'n verpligte vak vir die juniorklasse van die hoërskool, maar 'n keusevak vir die seniorklas. Hierdie frontverskuiwing van die geskiedenis van alleenlik akademiese studie vir die eersgenoemdes, na 'n utiliteitstudie vir die volk, het noodwendig aanpassings meegebring. Vir die laerskoolkind het geskiedenis 'n aanskouingsles, 'n prentjie-tafereel geword. En die neiging is daar om ook die geskiedenis vir die hoërskoolleerling net aanskoulik te maak. Dat aanskouingsonderwys nie verkeerd is nie, wil ek nie verder toelig nie, maar dat *net* aanskouingsonderwys in die geskiedenisonderrig verkeerd is, sal ons maklik begryp as die soms verwarde denkpatrone van die gevorderde studerende jeug deurgeworstel word.

Nietemin, ons het geskiedenis vandag as 'n vak, veral wat die Transvaal betref. Dat geskiedenis 'n verpligte vak in die opvoeding moet wees, val nie te betwyfel nie. Die burger van die staat moet sy eie verlede ken en die plek van sy staat in die wêreldgeskiedenis kan bepaal. Maar wat van die mense wat verder as die junior-standerds van die hoërskool studeer? Moet geskiedenis vir hulle 'n verpligte matriekvak wees?

Daar is wel baie geskryf oor die wenslikheid van geskiedenis as verpligte vak tot en met matriek. Noudat daar 'n skooleind- en universiteits toelatingseksamen in Transvaal is, kan dié saak vir so ver as wat dit dié provinsie betref, weer geopper word. Maar dit is ook 'n saak van belang vir die hele land. Hierop sal ek 'n antwoord probeer gee.

Die afsonderlike standerd X-eksamen, streef afsonderlike doeleindes na. Ons kan nie onder meer die standerd X-studie as *volks*onderwys sien nie, m.a.w. die gemeenskaplike doel van studie na standerd agt kan nie volksonderwys ten doel hê nie, nieteenstaande die skooleindkursus meer algemene onderwys is. Die algemene doelstelling van studie in die seniorklas van 'n hoërskool moet dus gesien word as 'n poging om lede van die volk die geleentheid te bied om leiers op die verskillende terreine van die volkslewe te word. Dit is waar van die skooleindkursus en dit is waar van die universiteitstoelatingskursus.

Die doelstelling van die skooleindkursus moet ons dus sien as 'n poging om mense op te lei vir dié leiersbetrekkings waarvoor daar nie 'n universiteitsgraad vereis word nie. Hierdie betrekkings is so uiteenlopend van aard dat dit eintlik gevaarlik is om 'n vaste vakkeuse voor te skryf, daarom blyk dit nie wenslik te wees om geskiedenis 'n verpligte vak vir dié studiekursus te maak nie. Tog behoort dit die ideaal te wees om ook dié mense aan te moedig om geskiedenis te bestudeer. Maar dan, so skyn dit my, sal die leerplan vir dié groep mense radikaal verander moet word. Dit skyn vir my of nie die verlede (in sy historiese verband) die hoofsaak van die geskiedenis moet wees nie, maar wel in kontemporêre sake — die gebeure van die onmiddellike. Die soort leiers moet noodwendig meer kennis dra van die heersende tendense in die volkslewe en in die wêreld, die maatskaplike,

ekonomiese en ander aspekte wat die lewe van volkere beheers. In dié verband dink ek o.a. aan 'n studie van Afrika, die opkoms van state en die gebeure in die afgelope paar jaar. By so 'n studie sal noodwendig die wortels van die verlede bestudeer moet word, bv. die kolonisasie van Afrika, en dit skep die verband tussen die verlede en die hede. Die enigste vorm van hierdie soort werk kom in die huidige leerplan as temastudies voor, 'n afdeling wat uiters beperk is.

As ek dit reg onthou dan word so 'n studie van die kontemporêre geskiedenis in die juniorkolleges in Amerika aangebied. Dit is dus nie 'n nuutjie nie. Dit is verbasend om te sien hoe min van ons skooleindleerlinge kennis dra van die hedendaagse gebeure. Hulle lees net nie die koerante nie, nie die tydskrifartikels nie, en baie min boeke oor die onderwerp. Hoeveel van die soort leerlinge het al bv. *Gebeure in Afrika* deur prof. H. J. J. M. van der Merwe gelees? Hoeveel het al 'n enkele boek oor die rassepatroon in Suid-Afrika gelees? Net deur sistematiese studie kan hulle daartoe gedwing word. En dan, as kontemporêre geskiedenis die bestaande leerplan kan vervang, dan kan geredelik toegegee word dat dit 'n verpligte vak vir die skooleindkursus gemaak moet word.

Die universiteitstoelatingskursus het as eerste doelstelling die toelating tot die universiteit. Daarom is daar, wat ten minste vier van die ses skoolvakke betref, 'n vaste vakkeuse. Wat nou van geskiedenis as verpligte vak vir die groep? Dié mense wat universitêre opleiding deurloop, moet die leiers van die akademiese, wetenskaplike, teologiese, handels-, sosiale, nywerheids- en staatkundige gebiede word. Hulle moet noodwendig die hede met die verlede kan vergelyk as hulle sodanig wil leiding gee dat dit tot voordeel in die toekoms moet wees. En hoe kan hulle dit doen as hulle nie ten minste die geskiedenis — die verhaal van die mensheid — in al sy aspekte bestudeer het nie? En is dit nie juis die leerplan in geskiedenis van die seniorklas van die hoërskool wat die geleentheid bied nie? Daarom lyk dit vir my of geskiedenis vir die universiteitstoelatingsgroep 'n verpligte vak moet wees.

Daar is nog 'n ander rede. Dit is wel moontlik dat 'n eerste graad in verskillende fakulteite behaal kan word, sonder die kennis van geskiedenis, maar in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Regsgeleerdheid, Handel en Publieke Administrasie, Musiek en Kuns, is 'n studie van die geskiedenis van die vak of studierigting sekerlik noodsaaklik vir nagraadse gevorderde studie. Selfs is dit vir die natuurwetenskaplikes belangrik om die geskiedenis van die natuurwetenskap te ken.

Dit is dus belangrik dat geskiedenis bestudeer moet word in die seniorklas van 'n hoërskool.

Nog een aspek verdien die aandag. Die wyse waarop die leerlinge die geskiedenisvraestel, hetsy skooleind of universiteitstoelating, moet beantwoord, moet noodwendig die leerling in die keuse van die vak afskrik. Vir die laaste aantal jare, altans, is aan die kandidaat opdrag gegee om vyf vrae te beantwoord, maar om elke antwoord in 'n opstelvorm te skryf. M.a.w. die kandidaat moet vyf opstelle skryf in die tydsbestek van drie uur. Vir my lyk dit fisies 'n onmoontlike taak vir 'n jong mens van sewentien-agtien

jaar. Dit is waar dat 'n uiters briljante leerling dit kan volhou om vyf opstelle in dié gegewe tyd te skryf, maar die meerderheid kan nie. Dit lei net tot slordige denkpatrone, swak skrif, en 'n uiters verkeerde studietegniek — die sg. „spotvraag"-metode. 'n Metode wat die mees onwetenskaplikste student kweek, want as dit in matriek reggekry is, waarom nie as universiteitstudent ook probeer nie? 'n Ondersoek na die studiewyse van senior-hoërskoolleerlinge, in die meeste gevalle, behoort 'n openbaring te wees.

Iets sal in dié verband gedoen moet word. Wat van twee aparte vraestelle? Een Suid-Afrikaanse en een Algemene geskiedenis, beperk tot een-en-'n-halfuur of uiters twee uur per vraestel. Maar hieroor kan later meer gesê word. In elk geval sal dit meer leerlinge aanmoedig om geskiedenis as vak te kies.

S. J. Esterhuizen

(Die redaksie verwelkom graag verdere kommentaar

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. *Bauer, Gerhard*: „Geschichtlichkeit", Wege und Irrwege eines Begriffs, pp. VII, 208, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1962.
2. *Hofman, Dr. Werner*: Ideengeschichte der sozialen Bewegung des 19. und 20. Jahrhunderts, pp. 243, Sammlung Göschen, Band 1205/1205a, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1962.
3. *Macquarri, J. W.*: The Reminiscences of Sir Walter Stanford, Volume Two, 1885-1929, pp. V, 270, The Van Riebeeck Society (No. 43), Cape Town, 1962.
4. *Nienaber, G. S., P. J. en C. J. M.*: Dit was ons erns. Die ontwikkeling van die Afrikaanse Taal, Letterkunde, Boek en Tydskrif, R1.00, pp. 93, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1962.
5. *Passant, E. J.; Henderson, W. O.*: Germany 1815-1945, deutscher Geschichte in britischer Sicht, pp. 268, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1962.
6. *Van Zyl, M. C.*: Die koms van die Boere na Zoeloeland in 1884, genooides of indringers, pp. 32, mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, C37, Pretoria, 1962.
7. *Scholtz, G. D.*: Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld, R2.25, pp. 218, Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1962.
8. *Nienaber, C. J. M.*: Die Mens Totius, R1.15, pp. 103, Human en Rousseau, Kaapstad, 1962.
9. *Van der Merwe, P. J.*: Nog verder Noord. Die Potgieter-kommissie se besoek aan die gebied van die teenswoordige Suid-Rhodesië, 1836, pp. 180, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1962.